LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 14
26 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan twee families, mev & mnr Caricato en die Schoeman familie (Paul) met die afsterwe van ‘n geliefde moeder en ouma. Mag hulle as gesinne die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

EPOS
Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

SKOOLDRAG
Vanaf 2 Mei 2019 sal wintersdrag verpligtend wees. Onthou asseblief dat sweetpakbaadjies nie deel van wintersdrag is nie.

Graad 1 – 3 leerlinge trek op die dae wanneer hulle LO het, LO drag met hulle skoolsweetpak en tekkies aan. Dae sal deur onderwysers deurgegee word.

MA EN SEUN -AAND, 10 MEI 2019
Die ma en seun –aand is gekanselleer as gevolg van sport te Jeffreysbaai.

OUMA EN OUPADAG
Op Donderdag het 287 oupas, oumas en leerlinge heerlik Karnival gehou. Die saal was ‘n fees vir die oog. Almal het heerlik gekuier en gesmul aan die eetgoed. Die graad 1 – 3 leerlinge het die gehoor vermaak met gediggies uit toeka se dae en die graad 1’s het die gehoor bekoor met twee pragtige liedjies. Adriaan Blignaut het ‘n pragtige vioolitem gelewer. ‘n Groot dankie aan elke besoeker wat kom saamkuier het. Baie dankie aan elke onderwyser en ouer wat gehelp het om ‘n sukses van die dag te maak. Dankie aan borge: Nommerpas, Elsona, Montego en Desmond Kleyn, Santa Potgieter.

SKRYWES WAT U VANDAG ONTVANG:

GRAAD 1 – 3 GEHOORSIFTINGSTOETS
Voltooi asseblief en stuur met die **korrekte bedrag** terug op Maandag, 29 April 2019 aan die klasonderwyser.

GRAAD 6 PREFEKTEBELEID
Lees die beleid sorgvuldig deur, teken en stuur terug op Maandag, 29 April 2019 aan die klasonderwyser.

KINDERPINKSTER – 13-16 MEI 2019

Voltooi asseblief en stuur met die **korrekte bedrag** terug op Maandag, 29 April 2019 aan die klasonderwyser.

OOV BRIEF

Sportdag teen Hangklip, 4 Mei 2019. Voltooi die afskeurstrokie en handig in by klasonderwyser op Maandag, 29 April 2019.

HVS OPEDAG

Hoër Volkskool hou op **Maandag, 6 Mei 2019** 'n Opedag vir voornemende graad 8 leerders (ouers welkom). Laat weet asseblief vir Brenda by LVS kantoor indien u die geleentheid gaan bywoon. Ons graad 7 leerders sal dit vanaf 12:00 tot 14:00 bywoon. Die leerlinge sal vanaf die laer- na die hoërskool stap. Na afloop van die verrigtinge kan u u kind weer by die hoërskool afhaal.

SPORT

VIR DIE KALENDER

Sport teen Kroonvale, 11 Mei 2019 skuif na 9 Mei 2019 by LVS.
Sunridge, 18 Mei, se wedstryd is weg (PE).
Jefffreysbaai, 11 Mei 2019 IS NIE OP DIE KALENDER NIE dit is 'n nuwe sportdag.

HOKKIE

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

HOKKIE UITSLAE TEEN GILL

o.7 wen 2 – 0
o.13B verloor 4 – 0
Ander wedstryde het uitgereën.

Die volgende leerlinge neem Sondag, 28 April 2019, aan die OP proewe deel: Zanri Groenewald, Anishka Luiters, Jani van der Merwe, Nina Loots en Sarah Jacobs. Baie sterkte aan al hierdie leerlinge.

BELANGRIKE DATUMS

Rugby:

o.12 Proewe Datums:

- **Maandag 10 Junie 2019:** o.12 Zone Proewe (dorpspanne).
- **Maandag 15 Julie 2019:** o.12 Karoo Proewe by Laer Volkskool om 13:30.
- **Vrydag 19 Julie 2019:** o.12 OP Proewe in Despatch om 13:00.

Rugby en Netbal Datums teen Graaff-Reinet Skole:
`n Vasgestelde datum sal nader aan tyd deurgegee word aan spelers. Hier is die voorlopige datums van wedstryde met skole in die dorp.

- **29 –2 Mei** **:** LVS vs Thembalesizwe
- **13 –16 Mei** **:** Lingcom vs LVS

HIERDIE DATUMS IS EKSTRA WEDSTRYDE WAT DEUR DIE WEEK GESPEEL WORD, DIT VERVANG GEEN NAWEEK-WEDSTRYDE NIE!

TENNIS
Maandag, 6 Mei 2019 is dit ouer/ onderwyser/ oupa/ ouma tennisdag. Kom geniet die dag saam met ons. Inskrywingsgeld is R50 per speler. Alle tennisspelers sal inskrywingsvorms kry. Daar sal ‘n snoepie wees.

NETBAL
Balvaardighede vir o.7 en o.8 (Gr 1 & 2) dogters word elke Maandagmiddag vanaf 13:15 tot 14:00 by LVS se netbalbane deur mev Marincowitz aangebied. Ons wil graag vra dat al die netbaldogters dit bywoon.

SPORT

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies
Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra.

Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

DIE BAND WAT JOU AAN DIE VADER BIND
Moet nooit die band verbreek nie
wat jou aan die Vader bind –
aan Hom wat in die hemel woon
en sorg vir elke kind.

Spreuke 10:27

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803